


Het jy al 'n springbok rugbyspeler sien rugby speel met ballet skoene aan? Of 'n ballerina sien dans met rugby toks? Ek verseker nog nooit nie! Nee, rugby spelers speel met toks en rugbytruie en ballerinas dans met balletskoene en 'n tutu. Netso moet 'n soldaat sy volle wapenrusting aantrek vir 'n geveg. Niemand wil saam met 'n soldaat met 'n tutu aan wil veg nie. Julle gaan verloor!

In die lewe is daar 2 koninkryke: die koninkryk van die lig en die koninkryk van die duisternis. God is Koning oor die koninkryk van die lig en Satan heers oor die koninkryk van die duisternis.

Jy as kind van God is deel die weermag van die Koninkryk van die lig en daarom moet jy voorbereid wees vir 'n geveg. 'n Geveg vir jou lewe! Anders lyk jy so:



**Esphesians  
6:10-18**

## 'n Maklik manier om die wapenrusting te verduidelik:

Plaas albei lemoene in die bak met hul "wapenrusting" aan. (Met ander woorde, hou die skil op albei lemoene / nartjies.) Gesels oor die lemoene se dryfvermoë, en hoe die lemoene so "stewing in die water staan"

Begin bietjie vir bietjie begin om die wapenrusting, die skil, van die een lemoen af te skil. Jy kan 'n stuk afskil en iets sê soos: 'O, hierdie lemoen het vergeet om sy gordel van waarheid aan te trek. As iemand vandag iets lelikes oor hom sal hy dit glo. Bv. jy is dom of jy is nie goed genoeg nie i.p.v. die waarheid soos God het jou wonderlik en uniek gemaak. Plaas die lemoen terug in die water en let op dat, alhoewel dit nie heeltemal sink nie, dit verder in die water begin duik as die lemoen wat nog sy volle wapenrusting dra.

Gaan voort op hierdie manier, skil elke keer 'n bietjie meer skil af en gesels oor dele wat die lemoen vergeet het om aan te trek. Gesels oor hoe dit die lemoen se dag kan beïnvloed, en plaas dan die lemoen in die water om te sien hoe dit meer sink elke keer meer. Teen die tyd dat jy al die wapenrusting verwyder het, sal die lemoen heeltemal sink. Die lemoen is glad nie in staat om te dryf "staan" nie.

**Daag jou kinders uit om elke dag doelgerig die wapenrusting aan te trek. Maak dit 'n reël om, voordat julle uit die motor by die skool klim te bid en die wapenrusting aan te trek deur dit hardop te sê. So kan julle vasstaan teen die slinkse planne van die duiwel. Ons doen dit elke oggend maak nie saak wie saam met ons ry nie. Dit is 'n reël in die van der Merwe motor. Nie omdat ons so oulik is nie, maar eerder om 'n bewustelike aksie te neem om Jesus se beskerming te vra en aan te neem vir vandag.**

Ek trek die Hemet van Verlossing aan om my gedagtes te beskerm van verkeerde gedagtes, sodat ek op goeie dinge fokus. Beskerm ook my oë sodat ons nie van Jesus afdwaal nie.

Sit in kring of sit om die tafel. Gee vir een persoon 'n hoed. Speel musiek terwyl die hoed aangestuur word. Elkeen moet die hoed opsit en afhaal en vir die volgende persoon aangee. As die musiek stop en jy het die hoed aan, dan is jy uit. Speletjie hou aan tot daar net een kind in die groep oor is.

Ek trek die Swaard van die Gees aan sodat ek die Woord in my hart sal dra en as kragtige wapen teen die Satan kan gebruik om vir hom te wys dat hy verkeerd is.

Skryf 'n paar gunsteling verse neer en kyk wie dit die vinnigste in die Bybel vind. Hou 'n "word search" kompetisie (kyk op die volgende bladsy)

Ek trek die Gordel van Waarheid aan om sodat ek Jesus, die waarheid kan glo en dit wat Hy oor my sê. Om altyd die waarheid te praat en te glo en die verskil te uitken.

Kopieer 'n R10 geldnoot. Laat die kinders die verskil tussen 'n ware R10-noot en 'n vervalste R10. Watter een moet ek ken? Onthou: die ware verander nooit, maar die vervalste lyk telkens anders.



Ek trek die Borsharnas van Geregtigheid aan om my hart te bewaak teen die pyle van die duiwel en om te doen wat reg is in God se oë. Laat alles wat in of uit my hart gaan, tot Jesus se eer wees. Maak my hart oop vir die leiding van die Heilige Gees.

Sny 2 rooi harte uit papier. Trek die een hart oor met foelie. Spat water op albei harte. Haal die foelie af en kyk watter hart het behoue gebly na die waterpyle.

Ek trek die Skild van Geloof aan om my geloof te versterk. Deur geloof is alle dinge moontlik. Geloof in Jesus beskerm my teen die aanvalle van die Bose.

Gee vir elke persoon 'n skinkbord of maak skilde uit bier bokse. Gooi rys in die lug op. Elkeen skuil onder sy skild.

Ek trek die Skoene van Bereidheid om die Evangelie van Vrede orals te verkondig en om vreedsaam te wees. Om voorbereid te wees om ander van Jesus te vertel.

1. Elke kind word geblinddoek. Elke groep moet probeer om hulself van die grootste tot die kleinste voet, in 'n ry, te rangskik sonder om te praat.
2. Elke groep moet probeer om op die minste voete as moontlik te staan, bv as een groep tien kinders het, kan hulle probeer om net vyf voete te hê wat die grond raak.

